

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

20c

Friday 18 May 1979

WINDHOEK

Vrydag 18 Mei 1979

No. 3961

CONTENTS:

INHOUD:

	Page		Bladsy
PROCLAMATION:		PROKLAMASIE:	
No. AG. 22 Apprenticeship Amendment Proclamation, 1979.	1	No. AG. 22 Wysigingsproklamasie op Vakleerlinge, 1979	1

PROCLAMATION

by the
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE
TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

(Approved by the State President on 7 May 1979)

No. AG. 22 1979

AMENDMENT OF THE APPRENTICESHIP
ORDINANCE, 1938

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN
Administrator-General Windhoek, 10 May 1979

SCHEDULE

Substitution of section 5 of Ordinance 12 of 1938

1. The following section is hereby substituted for section 5 of the Apprenticeship Ordinance, 1938 (hereinafter referred to as the Ordinance):

"Investigation in case of non-compliance with contract of apprenticeship

5. If the registrar is satisfied that there are reasonable grounds for believing that an employer or

PROKLAMASIE

van die
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE
GEBIED SUIDWES-AFRIKA

(Deur die Staatspresident goedgekeur op 7 Mei 1979)

No. AG. 22 1979

WYSIGING VAN DIE VAKLEERLINGE
ORDONNANSIE, 1938

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN
Administrateur-generaal Windhoek, 10 Mei 1979

BYLAE

Vervanging van artikel 5 van Ordonnansie 12 van 1938

1. Artikel 5 van die Vakleerlinge Ordonnansie, 1938 (hieronder die Ordonnansie genoem), word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Ondersoek in geval van nie-nakoming van leerlingskontrak

5. Indien die registrateur oortuig is dat daar redelike gronde bestaan om te glo dat 'n werkgewer

an apprentice has made default in carrying out any provision of a contract of apprenticeship entered into under this Ordinance, he shall cause investigation to be made with a view to legal proceedings being taken against the person in default.”.

Amendment of section 6 of Ordinance 12 of 1938

2. Section 6 of the Ordinance is hereby amended by the substitution in paragraph (a) of subsection (1) for the words “and the apprentice’s guardian” of the words “and, in the case of a minor, his guardian”.

Amendment of section 8 of Ordinance 12 of 1938

3. Section 8 of the Ordinance is hereby amended —

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“ (1) Any person who —

- (a) has the qualifications prescribed in terms of section 13;
- (b) has obtained a certificate of physical fitness in the form prescribed by regulation;
- (c) has attained the minimum age prescribed in terms of section 13; and
- (d) is not required in terms of any law to attend any school,

may, subject to and in accordance with the provisions of this Ordinance, bind himself as an apprentice in any designated trade.”;

(b) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

“ (2) If any such person is a minor he shall be assisted by his guardian, and if he is not a minor he shall not so bind himself, except with the consent of the registrar, who shall, before granting his consent, consult the apprenticeship committee concerned.”; and

(c) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

“ (3) A minor may so bind himself so as to complete the period of apprenticeship prescribed under section 13 in respect of the designated trade concerned, after he has attained majority.”.

of ’n vakleerling in gebreke gebly het in die uitvoering van enige bepaling van ’n leerlingskontrak wat kragtens hierdie Ordonnansie gesluit is, moet hy ondersoek laat instel met die oog op wetlike stappe teen die oortreder.”.

Wysiging van artikel 6 van Ordonnansie 12 van 1938

2. Artikel 6 van die Ordonnansie word hierby gewysig deur in paragraaf (a) van subartikel (1) die woorde “en sy voog” deur die woorde “en, in die geval van ’n minderjarige, sy voog” te vervang.

Wysiging van artikel 8 van Ordonnansie 12 van 1938

3. Artikel 8 van die Ordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“ (1) Iemand wat —

- (a) die ingevolge artikel 13 voorgeskrewe kwalifikasies besit;
- (b) ’n sertifikaat van liggaamlike geskiktheid in die by regulasie voorgeskrewe vorm verkry het;
- (c) die ingevolge artikel 13 voorgeskrewe minimum leeftyd bereik het; en
- (d) nie ingevolge die een of ander wet verplig is om ’n skool by te woon nie,

kan hom, met inagneming van en ooreenkomstig die bepalings van hierdie Ordonnansie, as vakleerling in enige aangewese bedryf verbind.”;

(b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“ (2) Indien so iemand ’n minderjarige is, word hy deur sy voog bygestaan, en indien hy nie ’n minderjarige is nie, verbind hy hom nie aldus nie, behalwe met toestemming van die registrateur wat, alvorens hy sy toestemming verleen, die betrokke vakleerlingskomitee moet raadpleeg.”; en

(c) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“ (3) ’n Minderjarige kan hom aldus verbind om die leertyd wat kragtens artikel 13 ten opsigte van die betrokke aangewese bedryf voorgeskryf is, te voltooi nadat hy meerderjarig geword het.”.

Amendment of section 9 of Ordinance 12 of 1938

4. Section 9 of the Ordinance is hereby amended by the substitution in subsection (2) for the words "or his guardian" of the words "or, in the case of a minor, his guardian".

Insertion of section 11bis in Ordinance 12 of 1938

5. The following section is hereby inserted in the Ordinance after section 11:

"Subcommittees

11bis. (1) An apprenticeship committee may at any time appoint one or more subcommittees —

- (a) to execute, perform or exercise, subject to the directions of the apprenticeship committee, those duties, functions or powers of the apprenticeship committee which the apprenticeship committee may determine; and
- (b) to investigate and report to the apprenticeship committee upon any particular matter or class of matters or all matters falling within the duties, functions and powers of the apprenticeship committee:

Provided that—

- (i) a subcommittee may consist wholly or partly of persons who are not members or alternate members of the apprenticeship committee concerned; and
 - (ii) a subcommittee appointed under paragraph (a) shall consist of a chairman and an equal number of representatives of employers and employees.
- (2) (a) The apprenticeship committee shall designate one of the members of a subcommittee, appointed under paragraph (a) of subsection (1), or appoint any other person, as chairman of such subcommittee.
- (b) Such designation or appointment shall be for a period not exceeding one year.
- (c) The provisions of paragraph (e) of subsection (2) of section 11 and subsection (2) of section 12 shall *mutatis mutandis* apply in respect of a chairman so designated or appointed: Provided that for the purposes of this paragraph any reference in the said paragraph (e) to the Administrator-General.

Wysiging van artikel 9 van Ordonnansie 12 van 1938

4. Artikel 9 van die Ordonnansie word hierby gewysig deur in subartikel (2) die woorde "of sy voog" deur die woorde "of, in die geval van 'n minderjarige, sy voog" te vervang.

Invoeging van artikel 11bis in Ordonnansie 12 van 1938

5. Die volgende artikel word hierby in die Ordonnansie na artikel 11 ingevoeg:

"Subkomitees

11bis. (1) 'n Vakleerlingskomitee kan te eniger tyd een of meer subkomitees benoem —

- (a) om, onderworpe aan die voorskrifte van die vakleerlingskomitee, daardie pligte, werksaamhede of bevoegdhede, van die vakleerlingskomitee wat die vakleerlingskomitee bepaal, uit te voer, te verrig of uit te oefen; en
- (b) om ondersoek in te stel na en aan die vakleerlingskomitee verslag te doen oor 'n bepaalde aangeleentheid of kategorie aangeleenthede of al die aangeleenthede wat binne die pligte, werksaamhede en bevoegdhede van die vakleerlingskomitee val:

Met dien verstande dat —

- (i) 'n subkomitee in die geheel of gedeeltelik kan bestaan uit persone wat nie lede of alternatiewe lede van die betrokke vakleerlingskomitee is nie; en
 - (ii) 'n kragtens paragraaf (a) benoemde subkomitee uit 'n voorsitter en 'n gelyke aantal verteenwoordigers van werkgewers en werknemers moet bestaan.
- (2) (a) Die vakleerlingskomitee moet een van die lede van 'n subkomitee wat kragtens paragraaf (a) van subartikel (1) benoem is, aanwys, of iemand anders benoem, as voorsitter van sodanige subkomitee.
- (b) Bedoelde aanwysing of benoeming moet vir 'n tydperk van hoogstens een jaar wees.
- (c) Die bepalinge van paragraaf (e) van subartikel (2) van artikel 11 en subartikel (2) van artikel 12 is *mutatis mutandis* ten opsigte van 'n aldus aangewese of benoemde voorsitter van toepassing: Met dien verstande dat by die toepassing van hierdie paragraaf 'n verwysing in genoemde paragraaf (e) na die Administrateur-generaal.

shall be construed as a reference to the apprenticeship committee concerned.

(d) The apprenticeship committee may designate one of the members of a subcommittee appointed under paragraph (b) of subsection (1) as chairman of the subcommittee and any other member to act as chairman whenever the chairman is unable to act as such.

(e) While so acting, the member so designated shall have all the powers and perform all the duties of the chairman.

(f) The apprenticeship committee may appoint such number of alternate members of a subcommittee as it may determine, but not exceeding the number of such members.

(g) The members of a subcommittee and their alternate members shall hold office for such periods as the apprenticeship committee concerned may determine: Provided that in the event of the expiration of the period of office of all the members of an apprenticeship committee, the members of a subcommittee appointed by that apprenticeship committee and their alternate members shall remain in office until a new apprenticeship committee constituted in terms of section 11, has appointed a subcommittee."

uitgelê word as 'n verwysing na die betrokke vakleerlingskomitee.

(d) Die vakleerlingskomitee kan een van die lede van 'n kragtens paragraaf (b) van subartikel (1) benoemde subkomitee aanwys as voorsitter van die subkomitee en 'n ander lid om as voorsitter waar te neem wanneer die voorsitter nie in staat is om as sodanige op te tree nie.

(e) Terwyl die lid wat aldus aangewys is, aldus waarneem, het hy al die bevoegdhede en verrig hy al die pligte van die voorsitter.

(f) Die vakleerlingskomitee kan die aantal alternatiewe lede van 'n subkomitee wat hy bepaal, aanstel, maar hoogstens 'n aantal gelyk aan die aantal lede van die betrokke subkomitee.

(g) Die lede van 'n subkomitee en hul alternatiewe lede beklee hul ampte vir die tydperke wat die betrokke vakleerlingskomitee bepaal: Met dien verstande dat in die geval van die verstryking van die ampstermyn van al die lede van 'n vakleerlingskomitee, die lede van 'n subkomitee deur daardie vakleerlingskomitee benoem, en hul alternatiewe lede in hul ampte aanbly totdat 'n nuwe vakleerlingskomitee wat ingevolge artikel 11 saamgestel is, 'n subkomitee benoem het."

Amendment of section 13 of Ordinance 12 of 1938

6. Section 13 of the Ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (d) of subsection (1) of the following paragraph:

"(d) the qualifications, including the minimum age (which shall not be lower than fifteen years), and educational standard, required from an apprentice;";

Amendment of section 14 of Ordinance 12 of 1938

7. Section 14 of the Ordinance is hereby amended —

(a) by the substitution for paragraph (b) of the following paragraph:

"(b) it may recommend to the Administrator-General the qualifications, including the minimum age, and educational standard, required from an apprentice;"; and

(b) by the deletion in paragraph (f) of the words "after consultation with the Director of Education for the Territory".

Wysiging van artikel 13 van Ordonnansie 12 van 1938

6. Artikel 13 van die Ordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (d) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(d) die kwalifikasies, met inbegrip van die minimum leeftyd (wat nie minder as vyftien jaar mag wees nie), en opvoedkundige standaard, wat van 'n leerling vereis word;";

Wysiging van artikel 14 van Ordonnansie 12 van 1938

7. Artikel 14 van die Ordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(b) dit kan by die Administrateur-generaal aanbeveel wat die kwalifikasies, met inbegrip van die minimum leeftyd, en opvoedkundige standaard moet wees wat van 'n leerling vereis word;"; en

(b) deur in paragraaf (f) die woorde "na beraadslaging met die Direkteur van Onderwys vir die Gebied" te skrap.

Substitution of section 18 of Ordinance 12 of 1938

8. The following section is hereby substituted for section 18 of the Ordinance:

"Secrecy

18. (1) No member or officer of an apprenticeship committee or of a subcommittee thereof or any alternate member or any person allowed to be present at any meeting of an apprenticeship committee or of any such subcommittee or at any interrogation by an officer, shall disclose to any person, except to the Administrator-General or an officer or for the purpose of the performance of his duties or the exercise of his functions in terms of this Ordinance or when required to do so before a court or in terms of any law, any information in relation to the financial or business affairs of any person, firm or business acquired in the performance of his duties or the exercise of his functions in terms of this Ordinance or while attending any such meeting or interrogation, as the case may be.

(2) Any person who contravenes the provisions of this section shall be guilty of an offence."

Amendment of section 19 of Ordinance 12 of 1938

9. Section 19 of the Ordinance is hereby amended by the substitution for the expression "twenty five pounds" and the expression "five pounds" of the expression "one hundred rand" and the expression "twenty rand", respectively.

Amendment of section 21 of Ordinance 12 of 1938

10. Section 21 of the Ordinance is hereby amended —

- (a) by the substitution in paragraph (m) for the expression "twenty five pounds" of the expression "one hundred rand"; and
- (b) by the insertion of the words "or a subcommittee thereof" after the words "apprenticeship committee", wherever they occur.

Amendment of section 22 of Ordinance 12 of 1938

11. Section 22 of the Ordinance is hereby amended by the insertion of the following definition after the definition of "employer":

" 'guardian' includes, in the case of a minor who has no guardian or who has no guardian who is available to assist or capable of assisting him, a person who, with the approval of the registrar, acts as or in the place of the guardian of the minor;".

Vervanging van artikel 18 van Ordonnansie 12 van 1938

8. Artikel 18 van die Ordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Geheimhouding

18. (1) Geen lid of amptenaar van 'n vakleerlingskomitee of 'n subkomitee daarvan of enige alternatiewe lid of 'n persoon wat toegelaat word om by 'n vergadering van 'n vakleerlingskomitee of so 'n subkomitee of by 'n ondervraging deur 'n amptenaar aanwesig te wees, mag aan enigiemand behalwe die Administrateur-generaal of 'n amptenaar of vir die doeleindes van die verrigting van sy pligte of die uitoefening van sy bevoegdhede ingevolge hierdie Ordonnansie of wanneer dit in 'n hof of ingevolge 'n wetsbepaling van hom vereis word, enige inligting openbaar met betrekking tot die geld- of besigheid-sake van enige persoon, firma of besigheid wat ingewin is by die verrigting van sy pligte of die uitoefening van sy bevoegdhede ingevolge hierdie Ordonnansie of terwyl hy so 'n vergadering of ondervraging bywoon, na gelang van die geval.

(2) Iemand wat die bepalinge van hierdie artikel oortree, is aan 'n misdryf skuldig."

Wysiging van artikel 19 van Ordonnansie 12 van 1938

9. Artikel 19 van die Ordonnansie word hierby gewysig deur die uitdrukking "vyf-en-twintig pond" en die uitdrukking "vyf pond" deur, onderskeidelik, die uitdrukking "een honderd rand" en die uitdrukking "tweintig rand" te vervang.

Wysiging van artikel 21 van Ordonnansie 12 van 1938

10. Artikel 21 van die Ordonnansie word hierby gewysig —

- (a) deur in paragraaf (m) die uitdrukking "vyf-en-twintig pond" deur die uitdrukking "een honderd rand" te vervang; en
- (b) deur na die woord "vakleerlingskomitee", oral waar dit voorkom, die woorde "of 'n subkomitee daarvan" in te voeg.

Wysiging van artikel 22 van Ordonnansie 12 van 1938

11. Artikel 22 van die Ordonnansie word hierby gewysig deur na die omskrywing van "werkgever" die volgende omskrywing in te voeg:

"beteken 'voog', in die geval van 'n minderjarige wat geen voog het nie of geen voog het wat beskikbaar is in staat is om hom by te staan nie, ook iemand wat met die goedkeuring van die registrateur optree as, of in die plek van, die voog van die minderjarige;".

Substitution of the expression "inspector" in Ordinance 12 of 1938

12. (1) The Ordinance is hereby amended by the substitution for the expression "inspector", wherever it occurs, of the expression "registrar".

(2) The officer appointed as "inspector of apprenticeship" at the date of the commencement of this Proclamation, shall be deemed to have been appointed as "registrar of apprenticeship" under section 3 of the Ordinance, as amended by subsection (1) of this section.

Short title

13. This Proclamation shall be called the Apprenticeship Amendment Proclamation, 1979.

Vervanging van uitdrukking "inspekteur" in Ordonnansie 12 van 1938

12. (1) Die Ordonnansie word hierby gewysig deur die uitdrukking "inspekteur", oral waar dit voorkom, deur die uitdrukking "registrateur" te vervang.

(2) Die amptenaar wat op die datum van die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie as "inspekteur van vakleerlinge" aangestel is, word geag kragtens artikel 3 van die Ordonnansie, soos deur subartikel (1) van hierdie artikel gewysig, as "registrateur van vakleerlinge" aangestel te wees.

Kort titel

13. Hierdie Proklamasie heet die Wysigingsproklamasie op Vakleerlinge, 1979.